



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die bakvissies deur Anna Emm

Daar was eenmaal twee bakvissies wat in die see gewoon het. Omdat hulle bakvissies was, het hulle gedink hulle is die slimste vissies in die see, en het hulle die ander vissies en see-dingetjies gespot.

"Ou slymerige jellievis!" terg die bakvissies vir Dikderm die jellievis. "Jy lyk dan net soos 'n poeding, hoe kan jy 'n diertjie wees?" En dan lag hulle tog te lekker.

"Jou ou vrotterige aas!" terg die bakvissies vir Antilla die oestertjie. "Kruip maar liever dieper in daai skulp van jou in dat ons jou nie kan ruik nie hoor! Jy stink!"

Op 'n dag sien die bakvissies 'n vreemde wurmpie wat nou net sy kop by 'n gaatjie in die sand uitgesteek het. Die water spoel die wurmpie se dun lyfie heen en weer. Hy lyk baie snaaks!

"Wha-ha-ha!" lag die bakvissies vir die wurmpie. "Jy lyk dan net soos 'n dermpie, ou dingetjie! As die groot vissie jou sien, sluk hulle jou sommer heel in."

Maar die wurmpie lyk nie of hy omgee dat hulle hom spot nie. Hy lag so lekker dat die borrels by sy bekkie uitkom. "Julle is reg, ja!" lag hy. "Heeltemal reg."

Die bakvissies hou nie daarvan dat die wurmpie nie skaam is nie, en hulle probeer weer: "Ou dermpie, hoekom kry jy nie vir jou 'n kerie nie? Dan kan jy regop staan!"

"Ha-ha!" lag die wurmpie saam. "Dis 'n goeie plan, ja! Julle is heeltemal reg."

Nou is die bakvissies sommer geïrriteerd, maar voor hulle aan nog 'n lelike ding kan dink om te sê, is daar skielik 'n donker skaduwee in die water... Hulle kyk op, en skrik hulle dan heeltemal lam! Want hier reg bo hulle kop swem 'n yslike, groot snoek met skerp tande, en die snoek het hulle klaar gesien! Snoeke eet bakvissies vir ontbyt, en die groot vis kom reg op hulle afgepeil!


Net toe begin die wurmpie se lyfie wikkell en wieg, en in die rondte draai... Hy draai, draai, draai en maak 'n snaakse *borrel-borrel-hmmmmmm...* geluid. En kan jy dit glo? Die groot snoek se oë rek en skielik kan hy nie ophou kyk na die wurmpie se lyfie wat so wikkell nie. Hy kan nie ophou luister na die *borrel-borrel-hmmm* nie, en hy sien glad nie meer die bakvissies raak nie. Die groot snoek lê doodstil in die water asof hy slaap, en staar na die wurmpie se wikkell-lyfie. Soos blits skiet die bakvissies in 'n veilige skeurtjie in. Eers nadat die wurmpie homself ook diep in sy gaatjie getrek het, skrik die snoek weer wakker. Hy kyk rond en wonder waar sy kos nou is. Dan swem hy maar weg.

Van daardie dag af het die bakvissies nooit weer ander diertjies wat kleiner en swakker en vreemder as hulle was geterg nie, want as die nie vir die vreemde wurmpie se vreemde wikkell-lyfie was nie, het die groot ou snoek hulle sowaar net daar opgevreet!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die bakvissies illustrasie deur Anna Emm



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za